

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Grainco (Pty) Ltd v Broodryk NO and Others (1300/2009) [2009] ZAFSHC 143; 2012 (4) SA 517 (FB) (18 June 2009)

[2009] ZAFSHC 143

COURT

Free State High Court, Bloemfontein

BEFORE

C.B. Cillié, R

CASE / FILE NUMBER

1300/2009

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Saak Nr. : 1300/2009

In die saak tussen:-

GRAINCO (PTY) LTDEiser

en

MICHIEL ANDRIES BROODRYK N.O.Eerste Verweerder

ADRIANA PETRONELLE JACOBATweede Verweerder

BROODRYK N.O.

GIEL BROODRYKDerde Verweerder

M.A. BROODRYKVierde Verweerder

AANGEHOOR OP: 14 MEI 2009

UITSPRAAK DEUR: CILLIÉ, R

GELEWER OP: 18 JUNIE 2009

- [1] Hierdie is 'n aansoek om voorlopige vonnis teen eerste en tweede verweerders gebaseer op 'n skulderkenning gekoppel met 'n sertifikaat van die verskuldigde bedrag, teen derde verweerder op sterkte van 'n borgstelling vir eerste en tweede verweerders en teen vierde verweerder gebaseer op 'n tjek deur hom getrek ten gunste van eiser.
- [2] Namens eerste, tweede en derde verweerders word drie gronde van verweer geopper, naamlik dat:
- 2.1 die skulderkenning nie 'n likiede dokument is nie;
- 2.2. al die trustees van die trust, waarvan eerste en tweede verweerders die trustees is, nie toegestem het nie;
- 2.3. daar nie aan artikel 130 gelees met artikel 129 van die Nasionale Kredietwet Nr. 34 van 2005 voldoen was nie.
- [3] Namens vierde verweerder word aangevoer dat by uitreiking van die tjek aan eiser daar geen onderliggende causa was nie. Dit was glo tussen eiser en vierde verweerder ooreengekom dat die tjek nie aangebied sou word vir betaling nie, spoedig vervang sou word met 'n ander tjek voorsien deur die trust of derde verweerder en die onderhawige tjek dus slegs sou dien as tussentydse "sekuriteit".
- [4] Ek benader hierdie aansoek op die basis dat die verweerders my tevrede moet stel dat inagnemende die bewyslas in die hoofsaak die waarskynlikhede om te slaag in die hoofsaak teen die eiser is.

Vergelyk: DICKINSON v SOUTH AFRICAN GENERAL ELECTRIC CO (PTY) LTD 1973 (2) SA 620 (A) op 630 F.

Ek handel op daardie basis dan vervolgens met die geopperde verwere.

[5] LIKIDITEIT VAN DIE SKULDERKENNING:

5.1. Die vraag is of die skulderkenning 'n ondubbelsinnige en onvoorwaardelike erkenning van aanspreeklikheid deur eerste en tweede verweerders namens die trust is dat die bedrag in die voorlopige vonnisdagvaarding gevorder, verskuldig is aan eiser.

5.2. Die relevante bepaling in die "Erkenning van Aanspreeklikheid" lees as volg:

"A. Bevestiging van Verskuldigheid

Die partye kom ooreen en bevestig dat:

1. Die Trust op 12 Junie 2008 die bedrag van R359 638.13 aan Grainco verskuldig was (hierna verwys as 'die verskuldigde bedrag');
2. Die Trust en Broodryk hiermee afstand doen van die voordele non causa debiti, errore calculi en geen waarde ontvang.

3. Broodryk homself gebonde ag aan die borgstelling soos uiteengesit in die onderskeie ooreenkomste tussen Grainco en die Trust gesluit en dat hy homself hiermee spesifiek verbind as borg en mede-hoofskuldenaar vir die behoorlike en stiptelike nakoming deur die Trust van die verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms.

B. Rente

Rente sal deurlopend op die balans van die verskuldigde bedrag bereken word teen die prima uitleenkoers van Absa Bank min 1% en maandeliks op die eerste dag van elke maand vooruit bereken en gekapitaliseer word.

C. Verhaling van verskuldigde bedrag

1. Die volle verskuldigde bedrag, sowel as die rente daarop bereken ooreenkomstig klousule B hierbo, sal op 29 Augustus 2008 deur die Trust aan Grainco oorbetal word. Indien die rentekoerse soos op 20 Junie 2008 onveranderd bly sal die bedrag betaalbaar op 28 Augustus 2008 die bedrag van R370 894.67 beloop.
2. Die volle verskuldigde bedrag sal onmiddellik, sonder enige verdere kennisgewing of aanmaning, opeisbaar en betaalbaar word indien die Trust of Broodryk gesekwestreer word of 'n daad van insolvensie pleeg.
3. Indien die bedrag soos verskuldig op 29 Augustus 2008 nie op voormelde datum betaal word nie sal dit sonder enige verdere kennisgewing of aanmaning van die Trust of Broodryk verhaal kan word by wyse van die uitreiking van 'n dagvaarding en sal geen verdere uitstel aan beide partye in die verband deur Grainco verleen word nie.
4. 'n Sertifikaat wat voorgee om uitgereik te wees deur een van die direkteure van Grainco en wat beweer die uitstaande saldo van die verskuldigde bedrag te sertifiseer, sal aanvaar word as prima facie bewys van sodanige verskuldigheid en sal voldoende bewyskrag hê om Grainco in staat te stel om aansoek om summiere vonnis of voorlopige vonnis in enige bevoegde hof teen die Trust en Broodryk te bring vir die bedrag op daardie sertifikaat aangedui en hul aanvaar die onus om daardie bedrag te weerlê as synde nie die bedrag wat verskuldig is nie."

Met 'n beroep op RICH AND OTHERS v LAGERWEY 1974 (4) SA 748 (A) betoog mnr Pienaar, namens die verweerders, dat die skulderkenning nie voldoende likied is vir doeleindes van voorlopige vonnis nie, omdat die erkenning van aanspreeklikheid nie vir 'n bepaalde bedrag is nie. Volgens die betoog kan die sertifikaat, wat die uitstaande bedrag bevestig, nie die dokument likied maak nie.

Vergelyk: WOLLACH v BARCLAYS NATIONAL BANK LTD 1983 (2) SA 543 (A).

Mnr Pienaar se beswaar verwys natuurlik na die rentekomponent van die gevorderde bedrag. Volgens hom maak die ooreenkoms rondom die toepaslike rentekoers, soos supra aangehaal, die presiese verskuldigde bedrag nie bepaalbaar nie en kan die sertifikaat op sterkte van WOLLACH, supra, nie hierdie gebrek aanvul nie.

Hierdie betoog hou egter in dat ten minste die kapitaal van R359 638.13 vatbaar is vir verlening van voorlopige vonnis.

Mnr Joubert, namens die eiser, gee egter vir oorweging dat die rentekomponent van die eis in hierdie geval binne die trefwydte val van die uitgebreide veld van voorlopige vonnis. Hy steun in hierdie verband op wat Kriegler R, soos hy toe was, in WEDGE STEEL (PTY) LTD v WEPENER 1991 (3) SA 444 (WLD) as volg gesê het op p. 447 G:

“The defendant's acknowledgment of his liability for interest at such readily and well-nigh irrefutably ascertainable rates, coupled with the mechanism provided by clause 7 of the acknowledgment of debt for such ascertainment, fall within the ambit of the extended field of application of provisional sentence in our practice.”

Dit is egter duidelik dat hierdie benadering slegs toepassing kan vind waar

“...the requisite components for calculating the amount of interest are fixed in the founding document or are readily and probably irresistibly

ascertainable dehors the document by applying a formula therein specified.”

(WEDGE STEEL, supra,

p. 447 H)

Dit is nie die geval in die onderhawige aansoek om voorlopige vonnis nie. Eksterne getuienis is steeds nodig om die toepaslike rentekoers te bewys.

Voorlopige vonnis sou gevolglik nie toegestaan kan word vir meer as die kapitaal van R359 638.13 nie.

[6] MAGTIGING DEUR AL DIE TRUSTEES:

6.1. Die trustakte van die Giel Broodryk Trust, soos verteenwoordig deur eerste en tweede verweerders in hierdie aansoek om voorlopige vonnis, vereis dat besluite wat die trustees neem deur ‘n eenstemmige besluit van beide trustees moet geskied.

Vergelyk: Klousule 8.2.2 van die trustakte.

Die trustees kan egter een of meer van hulle magtig om alle dokumente, wat vir die administrasie van die trust en ter uitvoering van enige transaksie wat met die trust se sake verband hou, te teken.

Vergelyk: Klousule 2.4.4.

Namens die eerste, tweede en derde verweerders word aangevoer dat tweede verweerder, synde een van die trustees, nie die skulderkenning gemagtig het nie. Tweede verweerder beweer in 'n opponerende verklaring dat daar nooit

“enige besluit deur die trust geneem is in terme waarvan die eerste verweerder, my seun Michiel Andries Broodryk gemagtig word om sonder my medewete en toestemming en sonder ‘n eenparige besluit deur die trustees, namens die trust op te tree en/of die trust in enige ooreenkoms teenoor enige skuldeiser te verbind nie.”

6.4 Dit blyk egter uit die stukke dat die trust boerdery beoefen; dat die tweede verweerder die 82-jarige moeder van die eerste verweerder is en die eerste verweerder al vir etlike jare eensydiglik besigheid doen namens die trust met eiser en ander instansies. Al die dokumente in hierdie saak is ook deur die eerste verweerder alleen onderteken. Dit sou naïef wees om dit as 'n waarskynlikheid te aanvaar dat eerste verweerder iedere en elke keer as hy die trust se besigheid hanteer, eers sy bejaarde moeder se toestemming gaan vra daarvoor. Die afleiding is onafwendbaar dat eerste verweerder 'n algemene magtiging van tweede verweerder het om die trust se sake te hanteer en dat eiser dit by die hoofsaak sal kan bewys.

[7] NASIONALE KREDIETWET:

7.1 Verweerders voer aan dat die skulderkenning 'n kredietooreenkoms binne die bepalings van artikel 8(4)(f) van die Nasionale Kredietwet daarstel wat as volg lees:

“any other agreement, other than a credit facility or credit guarantee, in terms of which payment of an amount owed by one person to another is deferred, and any charge, fee or interest is payable to the credit provider in respect of-

- (i) the agreement; or
- (ii) the amount that has been deferred.”

Die onderhawige skulderkenning voosien wel uitgestelde betaling en rente. Volgens mnr Pienaar, namens die verweerders, is dit voldoende om deur die bepalings van die Wet getref te word besonderlik met betrekking tot die vereistes van artikel 130 gelees met artikel 129 van die Wet.

Die onderliggende causa van die skulderkenning is egter nie 'n geldleningstransaksie nie, maar 'n skadevergoedingseis ten aansien waarvan eiser by ooreenkoms aan eerste, tweede en derde verweerders uitstel van betaling van die skade verleen het.

Ek stem met mnr Joubert, namens die eiser, saam dat dit nooit die bedoeling van die Wetgewer kon gewees het om so 'n transaksie te tref nie. Sodanige uitleg van die Wet sou tot

“... absurdity so glaring that it would never have been contemplated by the legislature.”

Vergelyk: CAROLUSKRAAL FARMS (EDMS) BPK v EERSTE NASIONALE BANK VAN SUIDER-AFRIKA BPK;

RED HEAD BOER GOAT (EDMS) BPK v EERSTE NASIONALE BANK VAN SUIDER-AFRIKA BPK;

SLEUTELFONTEIN (EDMS) BPK v EERSTE NASIONALE BANK VAN SUIDER-AFRIKA BPK [1994] ZASCA 23; 1994

(3) SA 407 (AA) te 422 A – G.

Die onderhawige transaksie val nie binne die besigheid van geldlenings en kredietverskaffing in die gewone sin van die woord nie. Die aanhef tot die Nasionale Kredietwet waarin die doelstellings beskryf word, bevestig 'n uitleg dat dit nie die oogmerk was om so 'n onderlinge uitstel van betaling van skadevergoeding te tref nie.

Vergelyk: BRIDGEWAY LTD v MARKAM [2008] ZAGPHC 251; 2008 (6) SA 123 (WLD) te 127 I – 128 A.

[8] VIERDE VERWEERDER SE TJEK:

8.1 Die tjek, aanhangsel “C” tot die dagvaarding, waarop voorlopige vonnis gevra word, is 'n tjek getrek deur vierde verweerder.

Dit is duidelik dat vierde verweerder nie deel is van die transaksie onderliggend tussen eiser en eerste, tweede en derde verweerders nie.

Hoe dit gekom het dat sy tjek aan eiser oorhandig is, word as volg deur vierde verweerder verduidelik:

“3.3 Ek bevestig dat ek nooit persoonlik enige gelde aan die eiser verskuldig was nie. Verdermeer bevestig ek dat daar nooit enige ooreenkomste tussen myself en die eiser aangegaan is in terme waarvan ek aanspreeklikheid aanvaar het en/of onderneem het om die trust en/of derde verweerder se verskuldigheid aan die eiser te betaal nie.

3.4 Ten tye van die oorhandiging van die tjek, welke tjek deur my onderteken is, was dit deurentyd die ooreenkoms tussen myself en eiser, soos verteenwoordig deur JA van der Merwe dat die tjek nie aangebied sal word vir betaling nie, maar slegs gehou sal word totdat dit van 'n vervangende tjek deur die trust voorsien is. Die tjek was ook nooit aan Van der Merwe en/of die eiser oorhandig met die bedoeling dat dit wel aangebied kan word vir betaling van die trust se verskuldigheid nie.

3.5 Strydig met die ooreenkoms aangegaan tussen myself en Van der Merwe namens die eiser, het die eiser die tjek aangebied vir betaling.”

Eerste verweerder verduidelik die gebeure as volg in sy opponerende eedsverklaring:

“10.3 By ons aankoms te die betrokke vulstasie te Villiers het Van der Merwe my meegedeel dat hy, buiten die ooreenkoms wat deur my onderteken is, ook 'n vooruitgedateerde tjek nodig ten aansien van die verskuldigde bedrag. Ek was nie voorheen daarvan bewus nie en het Van der Merwe my ook nie tydens ons telefoniese gesprek daarvan in kennis gestel nie. Ek het dus nie die trust se tjekboek of selfs my persoonlike tjekboek byderhand gehad nie. Ek het Van der Merwe aldus meegedeel.

10.4 Van der Merwe het daarop aangedring dat hy van 'n vooruitgedateerde tjek voorsien word. Ek het hom daarop gewys dat my seun wel sy tjekboek ter hand het en het ons afgespreek dat 'n tjek deur my seun aan Grainco verskaf sal word met dien verstande dat ek, voor datum van betaling daarvan die tjek deur 'n tjek van die trust en/of myself sal vervang. Voormelde is deur Van der Merwe aanvaar.

10.5 Uit hoofde daarvan het my seun die tjek, aanhangsel 'C' tot die voorlopige vonnisdagvaarding aan Van der Merwe oorhandig.

10.6 Ek bevestig dat daar nooit enige ooreenkoms tussen my seun, die vierde verweerder en eiser aangegaan was in terme waarvan vierde verweerder aanspreeklikheid namens die trust aanvaar het en/of onderneem het om namens myself en/of die trust die verskuldigde bedrag aan die eiser te betaal nie. Tydens die oorhandiging van die tjek was dit deurentyd die bedoeling tussen vierde verweerder en eiser dat die tjek nooit aangebied sal word vir betaling nie, maar slegs gehou sal word totdat dit deur 'n tjek van die trust en/of myself vervang word."

Namens eiser is hierop gerepliseer dat eerste verweerder die vooruitgedateerde tjek op eiser se versoek oorhandig het vir aanbidding op die datum van opeisbaarheid van die skuld. Eiser sou glo onbewus wees daarvan dat dit vierde verweerder se tjek is.

Dié weergawe van vierde verweerder skyn my op die oog af veel meer waarskynlik te wees as dié van eiser. Ek is nie oortuig daarvan dat eiser in die hoofsaak sal kan bewys dat vierde verweerder bedoel het om op die tjek ook aanspreeklik te wees teenoor eiser vir die trust en derde verweerder se verskuldigheid nie.

Mnr Joubert betoog egter dat die eiser 'n reëlmatige houer van die tjek is. Dus kan 'n persoonlike verweer, soos bogemeld, nie teen eiser geopper word nie, luidens die betoog.

Ingevolge artikel 27(1) van die Wisselwet is 'n reëlmatige houer iemand wat 'n wissel

"27 (1)

(a)

(b) te goeder trou en vir waarde geneem het, en toe die wissel aan hom verhandel is, moet hy"

Dit word aldus deurgaans aanvaar dat reëlmatige houerskap alleen verkry kan word deur verhandeling.

Vergelyk: Wisselreg en Tjekreg, F R Malan, p. 173 en verder.

In hierdie geval is die eiser en vierde verweerder natuurlik onmiddellike partye tot die tjek.

Mnr Joubert betoog egter dat RAMSUKH v DIESEL-ELECTRIC (NATAL) (PTY) LTD

[1997] ZASCA 56; 1997 (4) SA 242 (SCA) op 247 F – 249 A gesag bied daarvoor dat die nemer by uitgifte wel in bepaalde omstandighede 'n reëlmatige houer kan wees, naamlik as die agterliggende transaksie, soos hier, tussen ander verwyderde partye is. Ek is nie oortuig

daarvan dat dit presies is wat Van Heerden AR in die RAMSUKH-saak te kenne wou gee nie. Nadat Van Heerden AR gehandel het met die lank aanvaarde beginsel soos uiteengesit in MOTI AND CO. v CASSIM'S TRUSTEE 1924 AD 720 dat die nemer van 'n orderwissel nie 'n reëlmatige houër kan wees nie, doodeenvoudig omdat hy nie deur verhandeling

verkry het nie, gaan Van Heerden AR dan as volg voort op 248 F:

"As will have been observed, in Moti Innes CJ stressed the fact that a bill payable to order is negotiated by the endorsement of a holder plus delivery, which is to be distinguished from the issue of a bill by the drawer to the payee. By contrast, s 29(2) provides that a bill payable to bearer is negotiated by delivery. It would therefore seem clear that the payee of a bearer instrument may qualify to be the holder in due course thereof."

Dit kom my voor dat al wat Van Heerden AR wou konstateer, is dat die nemer van 'n toonderwissel tog mag kwalifiseer as 'n reëlmatige houër. Die onderhawige tjek is egter nie 'n toondertjek nie, maar is betaalbaar gemaak aan eiser en die oordrag daarvan is deur 'n kruising gekwalifiseer. Dit val dus nie binne dieselfde kategorie as waarmee Van Heerden AR gehandel het nie.

Vierde verweerder is bygevolg nie verhoed om sy persoonlike verweer, soos supra uiteengesit, teen eiser se vordering op die tjek te opper nie.

Vierde verweerder het my oortuig dat die waarskynlikhede in die hoofsaak hom sal begunstig en behoort voorlopige vonnis nie teen hom toegestaan te word nie.

Bygevolg word die volgende bevel gemaak:

1. Voorlopige vonnis in die bedrag van R359 638.13 alleen word gesamentlik en afsonderlik teen eerste, tweede en derde verweerders toegestaan.
2. Die aansoek om voorlopige vonnis teen vierde verweerder word afgewys.
3. Eerste, tweede, derde en vierde verweerders moet hul verweerskrifte, ten aansien van die uitstaande bedrae waarvoor voorlopige vonnis nie toegestaan is nie, indien binne 14 dae na lewering van hierdie uitspraak.
4. Die koste tot dusver staan oor vir beregting tydens die hoofsaak.

C.B. CILLIÉ, R

Namens die eiser: Adv. D.C. Joubert

In opdrag van:

Matsepes Ingelyf

BLOEMFONTEIN

Namens die verweerders: Adv. C.D. Pienaar

Naudes

/sp

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAFSHC/2009/143.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/grainco-pty-ltd-v-broodryk-no-and-others-unknown-topic-afshc-2009--6a3ea5143b1caa912980bc4e>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria